*UITDEELSTUK VIR LIDMATE*

## Agtergrond Inligting oor Jesus se "EK IS"- UITSPRAKE in die Evangelie van Johannes

Die Evangelie van Johannes gee nie 'n beskrywing van Jesus se lewe nie. Dis eintlik 'n belydenis Wie Jesus is. Dis eintlik 'n baie besonderse Evangelie wat ons ongelooflik baie leer van die Godheid van Christus. Jesus is regtig God. Hy is één met die Vader. Die Evangelie begin met die pragtige lied wat sê dat Jesus van die begin af God was en nou na die wêreld gekom het. Hy kom nie net van God se ruimte af nie, maar Hy is self ook God. Hy kom van die hemel en gaan weer daarheen.

Een van sy maniere om vir die lesers te beklemtoon dat Jesus volledig GOD was - was SEWE **"Ek IS-uitsprake"** wat hy van Jesus neergeskryf. In **Joh 8:28 skryf Johannes:** *28Daarna sê Jesus vir hulle: "Eers wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, sal julle begryp dat **Ek is wat Ek is**, en dat Ek niks uit my eie doen nie, maar net verkondig wat die Vader My geleer het. 29Hy wat My gestuur het, is by My. Hy het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hy wil."*

### Wat het hierdie uitdrukking te doen met dat Jesus VOLLEDIG GOD IS?

Gaan lees **Ex 3:2-15** vir die verduideliking. Dit is waar God aan Moses verskyn het in die brandende bos en hom roep en stuur na die Farao om die Israelite uit te lei. Moses probeer nog vir oulaas daarvan wegkom deur te suggereer dat die Israeliete nie sal verstaan WIE hom gestuur het nie. En dan verduidelik God die Vader vir hom **WIE** Hy is:

*14Toe sê God vir Moses: **"Ek is wat Ek is.** Jy moet vir die Israeliete sê: '**Ek is'** het my na julle toe gestuur."*

In sy Evangelie vertel Johannes hoe Jesus Homself by wyse van ses ander "Ek is …"-uitsprake bekend as God. En die Jode sou dit herken het toe Jesus vir hulle gesê het:
**EK IS** .... :

- **die brood van die lewe** (Joh 6:35, 41, 48, 51) [lees Joh 6:22-40 & 41-59];
- **die lig vir die wêreld** (Joh 8:12) [lees Joh 1:1-5, 9-13];
- **die ingang** (Joh 10:7) [lees Joh 10:7-10];
- **die goeie herder** (Joh 10:11, 14) [lees Joh 10:11-18];
- **die weg en die waarheid en die lewe** (Joh 14:6) [lees Joh 14:1-11] en
- **die ware wingerdstok** (Joh 15:1, 5 ) [Lees Joh 15:1-8].

**Die doel van die Evangelie van Johannes** word duidelik verwoord in Johannes 21:31: *"… hierdie wondertekens is beskrywe **sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê**."*

Dié Evangelie wil die mens wat in hierdie lewe bewus is van die hopeloosheid van sy situasie en die sinloosheid en lelikheid van alles, daarop wys dat 'n totaal ander lewe moontlik is. Die mens kan dit nie self bereik nie, maar Jesus, wat waarlik God is, het gekom om dit moontlik te maak.